

# IETS MOET (*EN GAAN*) VERANDER

HEBREËRS 4:16

Verlede week het ons Hebreers 4:16 gelees en ons gaan weer na hierdie vers kyk.

**Lees dit saam en dink en bespreek die volgende**:

- Wat staan vir jou uit?
- Wat dink jy moet jy laat gaan?
- Wat wil jy graag hê moet verander hierdie jaar?

Hebreërs 4:16 is ‘n uitnodiging om na die Here te kom, met vrymoedigheid, maar jy moet weet jy gaan verander – en jy moet verander – as jy Jesus werklik ontmoet.

HEBREERS 4:16

'LAAT ONS DAN MET
VRYMOEDIGHEID DIE TROON
VAN GENADE NADER, SODAT
ONS ONTFERMING EN GENADE
KAN ONTVANG OM OP DIE
REGTE TYD GEHELP TE WORD.'

Wanneer ons na die Here toe gaan, ontmoet Hy ons met liefde, genade en ontferming – net wat ons nodig het.  Sy hart raak sag vir ons en omdat Jesus deur die hemele aarde toe beweeg/ geskuif het, kon Hy mens word om ook ons harte te kom versag en te verander.

Iets gaan – en iets moet – verander in jou lewe as jy Hom werklik ontmoet. Dit gaan dalk nie antwoorde op jou vrae wees, of dit wat jy dink jy benodig nie, maar dit gaan wees wat God weet jy nodig het en wat die wêreld benodig – liefde en genade en ontferming.

**Lees Hebreers 4 vanaf vers 12-16.**



# HEBREËRS 4:12-16

'' WANT DIE WOORD VAN GOD IS LEWEND EN KRAGTIG, EN SKERPER AS ENIGE TWEESNYDENDE SWAARD. DIT BEWEEG. DIT DRING DEUR TOT BY DIE RAAKPUNT TUSSEN SIEL EN GEES, TUSSEN GEWRIG EN MURG, EN BEOORDEEL DIE HART SE VOORNEMENS EN GEDAGTES. JA, NIKS WAT GESKAPE IS, IS VIR HOM VERBORGE NIE, MAAR ALLES IS OOP EN BLOOT VOOR SY OË, HOM TEENOOR WIE ONS ONS MOET VERANTWOORD.

TERWYL ONS DAN 'N GROOT HOËPRIESTER HET WAT DEUR DIE HEMELE GEGAAN HET, JESUS, DIE SEUN VAN GOD, LAAT ONS STYF VASHOU AAN ONS BELYDENIS. WANT ONS HET NIE 'N HOËPRIESTER WAT NIE MEDELYE MET ONS SWAKHEDE KAN HÊ NIE, MAAR EEN WAT, SOOS ONS, IN ALLE OPSIGTE VERSOEK IS, EN DIT SONDER DAT HY GESONDIG HET.

LAAT ONS DAN MET VRYMOEDIGHEID DIE TROON VAN GENADE NADER, SODAT ONS ONTFERMING EN GENADE KAN ONTVANG OM OP DIE REGTE TYD GEHELP TE WORD.'

Wat staan vir jou uit in hierdie gedeelte? Verstaan jy nou hoekom jy met vrymoedigheid na Hom toe kan gaan en moet gaan?

Dalk is jy te trots… Ontmoet dan ‘n God wat groter en kragtiger is as jy en raak nederig…

Dalk vertel jy leuens vir ander en jouself… Ontmoet dan ‘n Regter wat alles weet en raak eerlik en openhartig…

Dalk is jy bang… Ontmoet dan ‘n Vegter met die mag om te verwoes of red en raak rustig…

Liefde en genade wag vir jou! Gaan daagliks na die God se berg en kry wat jy nodig het!


Moses het ook gereeld na daardie berg toe gegaan. **Lees Deut 4:29-31.**



RAAK ONTSLAE VAN:

- TROTS
  - ONTMOET DIE KRAGTIGE KONING
- LEUENS
  - ONTMOET DIE REGVERDIGE REGTER
- VREES
  - ONTMOET DIE VREESLOSE VEGTER





## DEUTERONONIUM 4:29-31

DAAR SAL JULLE DIE HERE JULLE GOD SOEK EN HOM VIND, AS JULLE HOM MET HART EN SIEL SMEEK. WANNEER JULLE IN DIE NOOD IS EN AL HIERDIE DINGE MET JULLE GEBEUR, SAL JULLE AAN DIE EINDE VAN DIE DAE JULLE TOT DIE HERE JULLE GOD BEKEER EN NA SY STEM LUISTER. DIE HERE JULLE GOD IS IMMERS 'N BARMHARTIGE GOD. HY SAL JULLE NIE VERSAAK NIE EN JULLE NIE UITROEI NIE. HY SAL NIE DIE VERBOND VERGEET WAT HY VIR JULLE VOORVADERS MET 'N EED BEVESTIG HET NIE. ''

Wat dink jy is daar wat in jou hart moet verander?

As God teenoor jou liefde en genade bewys, moet ons harte nie ook verander teenoor die mense rondom ons nie? Moet ons ook nie meer toeganklik en uitnodigend wees, eerder as selfsugtig en selfgesentreerd nie?

Die wêreld is geneig om weg te gooi, af te skryf, toe te klap, uit te vee, nee te sê... Maar God verander, maak nuut, spreek vry en regverdig.

Kyk die video: https://www.youtube.com/watch?v=OyM-WaC0-Gg


DECORA
CORES
AMBIENTES PERSONALIZADO

'“GELUKKIG IS DIE WAT SAG VAN HART IS, WANT DIE NUWE AARDE SAL HUL ERFPORSIE WEES”

MATTEUS 5:5

Die Here wil jou hart kom sag maak en nuut maak.  Laat toe dat jou hart beweeg word.  Jou toeganklikheid en openhartigheid, jou getuienis en eerlikheid, jou vrymoedigheid, maak dit moontlik vir ander mense omdie vrymoedigheid te hê om na God te gaan en Goddelike liefde en genade te ontvang.

- Op wie se stoel moet jy hierdie week sit?
- Wat wil jy hê moet verander in jou hart?
- Met wie moet jy dalk jou storie vandeesweek deel?

Dankie Here dat U uit niks uit wonderlike musiek kan maak!



# REFLEKSIE:



## OP WIE SE STOEL MOET JY HIERDIE WEEK GAAN SIT?